

Kaapse Afrikaans:

Willem Fransman Jr

('n Uitdaging, maar ook 'n wonderlike vooruitsig!)

Gelewer tydens Lenteseминаar: Univ van Pretoria 13 Sept 2019

Begin met Avondmaal en ander Afrikaanse gedigte

Toe ek op skool was, was die letterkunde so wit soos die nagmaalsbrood in die kerk!

Die werk van digters en skrywers vanuit ons gemeenskappe was net nooit in die klaskamer behandel nie.

Met my 'hierwees' vandag sal os kyk hoe die situasie, wat 'n uitdaging kan wees, tog ook 'n wonderlike vooruitsig bied.

Broadway

Adam Small

Vir jare gaan daar stemme, veral uit die bruin gemeenskappe op dat Kaaps as voorgeskrewe, of sommer net gewoonweg as taal in die klaskamer toegelaat moet word.

En die stemme wat daarvoor opgaan is nie sommer net mense uit die gewone gang van die lewe nie. Hulle natuurlik ook, Maar dis inderdaad opvoedkundiges soos onder andere Proff Michael le Cordeur (Univ van Stellenbosch), Steward van Wyk (Univ van die Wes-Kaapland en Hein Willemsse (Univ van Pretoria) wat 'n sterk saak daarvoor het.

En hulle veg beslis in die voorste loopgrawe vir die behoud van die taal, maar in haar inklusiwiteit.

Eksel self sien Kaaps as my taal van luukse. *My language of leisure* Eksel self praat nie Kaaps nie, nie in my intieme vriendekring nie, nie in die veiligheid van my eie huis nie. Die rede: wel, ek het in 'n huis opgegroeï waar my vader ons die dood voor oë gesweer het, sou ons Kaaps in sy teenwoordigheid praat.

En glo dit as julle wil, maar ons is met *Dagbreek* en *Landstem*, *Die Beeld*, *Rapport* en *Die Burger* grootgebring!

Al my kreatiewe skryfwerk doen ek egter in Kaaps. Vandaar my taal van luukse. Al my radiodramas vir RSG het byvoorbeeld Kaaps in. Feitlik al my gedigte is Kaaps!

(Dit so 'n bietjie persoonlike agtergrond. Maar dit maak my nie dat ek my rug op Kaaps draai nie.)

Terug na Kaaps:

Vir lank is reken dat Kaaps 'n dialek van Afrikaans is. Volgens die HAT is 'n dialek iets wat vanuit die Standaard (die maatstaf) ontstaan het. As Kaaps al soveel jare voor Standaard gebesig was, behoort ons nie dan nou anders na Kaaps te kyk nie?

Kaaps kom van ver af

(In my aanbieding leun ek sterk op navoring wat deur dr Michael le Cordeur gedoen was)

Die vroegste Kaaps is reeds voordat Jan van Riebeeck in 1652 voet aan wal gesit het, opgeteken nadat Van Linschoten in

1592, en De Houtman en Lodewycks in 1595, die Kaapse kus besoek het. Met die aankoms van die eerste groep slawe in 1658 uit Angola en Mosambiek is Portugees na die Kaap gebring. Daarna is slawe uit die Ooste ingevoer wat Maleis na die Kaap gebring het

Talle vryburgerboere is teen die einde van 1700 getroud met Khoi-Khoi vroue of voormalige slavinne wat toe reeds 'n ander vorm van Hollands (Kaapse-Hollands) gepraat het. Kinders het met die moeders se Afrikaans grootgeword. Dié Afrikaans staan vandag bekend as Kaaps en dit is die huistaal van meer as 3,3 miljoen mense in die Wes-Kaap

Kaaps was dus eerste...punt. Dit sou woorde bevat van omtrent die meeste blankes wat die Kaap in daardie tyd aangedoen het. Ons moet ook nie vergeet dat Jansens en Proot 'n jaarlank aan die Kaap gebly het en desnoods het Khoi en San mense 'n bietjie Hollands by hulle aangeleer!

Onthou, hulle was hier om navorsing namens die Verenigde Oos Indiese Kompanje toe kom doen om die uitvoerbaarheid van 'n halfwegstasie aan te kaap te kom ondersoek.

Hierdie saamgeflanste taal van kommunikasie is dan ook laterjare gebruik om met die verbygaande skepe te onderhandel of transaksie te beklink.

Kaaps was die taal wat spontaan onder die slawe aan die Kaap, wat vanuit verskillende wêrelddele mekaar in die slawelosie ontmoet het, ontstaan het.

Eerstens moes hulle mekaar verstaan want hulle was deur omstandighede in dieselfde situasie ingedwing. En andersyds moes hulle ook op 'n manier kommunikeer met die slawe-eienaars om hul opdragte te verstaan.

Sedert die vroegste tye het die Khoi en San mense aan die Kaap, hul eie taal gebesig en mettertyd woorde van die Europeers by hul woordeskap gevoeg. Afrikaans, soos ons dit vandag ken, het eers in 1928 amptlike status verkry.

Een van die eerste Afrikaanse manuskripte was die Moesliemse Heilige Koran. Baie slawe het die Islamitiese geloof aangeneem (vgl. Die slavin, Philida, in André P. Brink se laaste boek met dieselfde naam as titel) en het uit die Koran geleer om teksgedeeltes en godsdienstsgebruike uit te skryf.

Die Kaapse Moesliemgemeenskap begin gevolglik reeds in 1793 met die Madrassa (Moesliemskool) in Dorpstraat, Kaapstad. Dit was die eerste skool waar in Afrikaans klasgegee is. Die oudste vertaalde Afrikaanse teks is die *Bayān al-Dīn*. (Uiteensetting van die Geloof) wat deur Abu Bakr Effendi in Arabiese skrif geskryf is

Moesliems het ook 'n groot rol gespeel om Nederlandse liedere te bewaar. In 'n tyd toe die meeste Afrikaners in Kaapstad verengels het, het Moesliems Maleierkore gestig. Een van die bekendste Nederlandse liedere is *Rosa*, 'n minnelied wat op feeste en bruilofte gesing word.

Ten spyte van die Hollandse oorsprong en lirieke van Kaapse Moesliem-musiek, het hierdie kultuurbydrae nooit erkenning

gekry nie, hoofsaaklik weens die sosiale ongelykhede, asook godsdienverskille. Moesliemafrikaans het dus tot 'n groot mate verlore gegaan en min daarvan is opgeteken as deel van Standaardafrikaans. Gelukkig hoor ons dit nou weer deesdae in sepies soos byvoorbeeld Suidooster

Amptelike Status:

Eers tydens die bewind van die Nasionale Party het Afrikaans amptelike status verkry, alhoewel dit deur net 13% van die bevolking gepraat is. Terwyl Standaardafrikaans deur die apartheidsregering bevoordeel is, het varieteite soos Kaaps nie dieselfde erkenning gekry nie.

Die waarheid is dat van ons bekendste bruin gemeenskapsleiers, digters en politici Kaaps praat.

'n Ander irritasie is dat daar was 'n paar 'oorgrensskrywers' soos byvoorbeeld Riana Scheepers (*Haai Katriena-reeks*) Jackie Nagtegaal (*Vis in die punch*) en Eben Venter (Santa Gamka) is wat gepoog het om oor bruinkarakters en ons gemeenskappe te skryf. Maar volgens my beskeie mening kom dit nie naby die werke van Zulfah Otto-Sallies (*Diekie vannie Bokaap*) of Bettina Wyngaardt se *Troos vir die Gebrokenes*) en my gunsteling, die onlangsverskene jeugroman, *Puntemasjien* van Christo Meyer.

En dan kan ons nie anders as om, naas Adam Small, ook digters soos Peter Snyders, Marius Titus, Leonard Koza, Willie Adams te vermeld nie.

Hierdie persone is in 'n perfekte situasie om uitdrukking aan Burinmense se lief en leed te gee...want meesal praat hul karakters dieselfde taal wat hulleself beleef en besig.

"Nou 'n mens kan nie skryf uit 'n ander ervaringsveld nie, Maar ek kan skryf oor wat my broer en suster op die straat deurmaak in die township. En baie van hierdie goed wat ons skryf, is gebaseer op die waarheid."

Aldus skrywersvriend Willie Adams tydens die Tweede Swartskrywerssimposium te Paternoster 1995

Die digter, dramaturg en Hertzogpryswenner, Adam Small - het reeds 50 jaar gelede, homself so in sy Woord Vooraf in sy bundel "Kitaar my Kruis-1962" uitgedruk:

Kaaps is 'n taal, 'n taal in die sin dat dit die volle lot en noodlot van die mense wat dit praat, dra; die volle lot, hulle volle lewe 'met alles wat daarin is'; 'n taal in die sin dat die mense wat dit praat, hul eerste skreeu in die lewe skreeu in hierdie taal, al die transaksies van hulle lewens beklink in hierdie taal, en hulle doodsroggel roggel in hierdie taal. Kaaps is nie 'n grappigheid of 'n snaaksigheid nie.

Nie alle bruinmense praat Kaaps

Alhoewel die sprekers van Kaaps meestal bruin is, praat nie alle bruin mense Kaaps nie, terwyl daar ook talle wit sprekers van Kaaps is. Daar is dus nie 'n oorsaaklike verhouding tussen velkleur en taal nie. Dit is eerder 'n geval dat bruin Suid-

Afrikaners, in die besonder dié van die Kaapse Skiereiland, oorwegend oor 'n verbale repertoire beskik wat inhoud dat hulle tussen Afrikaans en Engels en tussen variëteite van Afrikaans en Engels verskuif.

Kaaps is ook nie 'n skollie-taal

Daar is ook mos die gedagtegang dat Kaaps 'n skollie-taal is. Selfs onder bruinmense word die gedagte rondgeslinger. Ordentlike en opgevoede mense praat nie Kaaps nie:

Luister wat Peter Snyders te sê het in sy gedig

"Of Hoe?":

Moetie rai Gammat taal gebrykie
Dit issie mooi nie
Dit dieghreid die colourd mense
of hoe?

wat traai djy
om 'n coloured culture te create?
of dink djy djy is snaaks
om soe te skryf?
of hoe?
Try om ons lieweste op te lig;
ô s praat mossie soe nie...?
Of hoe?

Aparte woongebiede, aparte tale

(Dra gedig: Dankie tog Apartheid: Peter Snyders hier voor)

In die verlede was ons van mekaar geskei. Meeste van ons het gewet van 'n lewe aan die verkeerde kant van die treinspoor of rivier of die hoofweg. Dit was dus twee werklikhede wat ons vanmekaar gehou het...inderwaarheid twee 'tale' van mekaar gehou het!

Weens die groepsgebiedewet het bruin, swart en wit leerders in die apartheidsera afsonderlike skole bygewoon. Die Wet op Swart Onderwys (Wet No. 47 van 1953) het swart onderwys afgesonder. Dit was swak befonds en die gehalte van die onderwys was minderwaardig in vergelyking met dié van alle ander groepe. Wit onderwys het byvoorbeeld heelwat meer fondse van die regering ontvang.

Ná 1994 het die skeiding in skole begin verdwyn en vandag is geïntegreerde skole 'n algemene verskynsel. Die nadraai van apartheidsonderwys sal egter nog lank met Suid-Afrika wees. Want na 25 jaar van demokrasie, is sommige swart skrywers van mening dat ons woonbuurte steeds eeue van mekaar verwyder is. Mense wat vêr weg van mekaar woon, sien en ervaar die wereld verskillend van mekaar

Deur vir solank apart van hul mede-Afrikaanssprekendes te woon, sou dit daartoe lei dat die Afrikaanse gemeenskap verder van mekaar gegroei het - ook in terme van Standaardafrikaans teenoor Kaaps. Dit is nêrens meer sigbaar as in die klaskamer nie. Die taalhandboek is vir die meeste leerders wat Kaaps praat, vreemd. Hulle sien woorde wat vir hulle vreemd is en is genoodsaak om aanpassings te maak

Leerders se selfbeeld:

Leerders van die Kaapse Vlakte het dikwels 'n swak selfbeeld omdat hulle nie gemaklik voel met Standaardafrikaans in die onderrigsituasie nie.

Navorsing het getoon dat leerders met Kaaps as moedertaal aansienlik swakker vaar as hul eweknieë wat wel in hulle moedertaal (Standaardafrikaans) studeer.

Onderwysers is geleer om Kaapse woorde as spelfoute en taalfoute uit te wys en leerders is gepenaliseer omdat hulle hul moedertaal (Kaaps) gebruik het en tot onlangs het skoolhandboeke woorde in die Kaapse variëteit geignoreer (die houding het intussen verander! Gelukkig!)

Leerders met Kaaps as moedertaal beskou hul taal as minderwaardig en is skaam om aan klasgesprekke deel te neem, of wend hulle tot Engels. Omdat hulle nòg Engels, nòg Standaardafrikaans ten volle magtig is, vaar hulle aansienlik swakker as ander kinders

Teen hierdie agtergrond lewer Prof Michael Le Cordeur 'n pleidooi dat leerders op skool toegelaat word om hulself uit te druk in Kaaps. Atwell, woordvoerder van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD), reageer as volg:

... dit is 'n interessante voorstel van dr. Le Cordeur, maar nie prakties nie en die WKOD sal voortgaan met Engels, Afrikaans en Xhosa as onderrig- en leertale in die provinsie, in lyn met die nasionale beleid. Ons erken wel die unieke bydrae wat Kaaps tot taalverskeidenheid maak. (Die Burger 2013)

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat verandering nodig is. En onderwysdepartemente moet help om hul ingesteldheid jeens Kaaps in die Klaskamer te destigmatiseer.

G'n plek vir Kaaps in die Kanon van Afrikaanse letterkunde nie!

Uit die houding van die onderwysdepartement hierbo kan afgelei word dat die "bruin stem" gewoon nie deel van die kanon van die Afrikaanse letterkunde kon wees nie, hoofsaaklik omdat Kaaps as 'n dialek of afwyking van Standaardafrikaans beskou is.

Gesien teen hierdie agtergrond, was die plek van bruin digters en skrywers wat in Kaaps skryf, altyd omstrede. Bruin digters soos Adam Small en Peter Snyders wat die *struggle-jare* oorleef het, se protespoësie was hulle manier om teen hul uitsluiting uit die hoofstroom-Afrikaans te rebelleer.

Maar reeds met Small se eerste werke was daar kritiek deur sommige bruin intellektuele dat Small bruin mense sou stereotipeer deur die gebruik van Kaaps. Prof Christo Van Rensburg verwerp hierdie sentiment en noem dat Adam Small en ander skrywers juis Kaaps in hul literêre werke gebruik het, as 'n protes teen Standaardafrikaans.

Ander literere kenners soos Prof Jakes Gerwel het ook die kritiek as ongegrond beskou, want Kaaps - soos in Small se drama *Kanna hy ko' hystoe* (1965) - was 'n effektiewe taal van verset teen politieke onreg. Trouens, die literator Prof JC Kannemeyer (Beeld 2012) is van mening dat *Kanna* een van die heel beste dramas nog in Afrikaans en een van die beste in die wereld is.

Volgens Hendricks het Small en Snyders en andere natuurlik, getoon hoe Kaaps 'n draer van grootse letterkunde kan wees. Nog 'n digter, Daniel Hugo (2013), beaam hierdie standpunt en die skrywer Jeanette Ferreira (in Hugo 2013) is van mening dat Small die een skrywer is wat gestalte gegee het aan die krag waarmee Kaaps mense se pyn kan verwoord. Prof Hein Willemse vat dit as volg saam:

"Dit gaan daaroor dat mense se waardigheid, en nie net 'n taalvorm nie, erkenning moet kry".

Wat van die "bruin stem" in die nuwe Suid-Afrika gaan word, sal afhang van "die mate waarin die bewakers van norme bereid is om van die ou heilige koeie (soos standaardafrikaans) af te sien".

Die feit dat Adam Small se oeuvre vir soveel jare geïgnoreer is by die toekenning van Afrikaans se hoogste prys, is die duidelikste voorbeeld van hoe daar teen Kaaps gediskrimineer is. Floris Brown, wat 24 bundels self gepubliseer het se bitterheid omdat hy deur uitgewers ge'gnoreer word, blyk uit die volgende vers:

*Mense hou nie daarvan
om woorde te lees wat kwel
aan hul vel,
dus, is ek tot vandag
geen uitgewer se pel. (Uit: Kaleidoskoop 2011"*

Die keerpunt vir Kaaps in terme van sy insluiting in die kurrikulum het na my mening in 2012 gekom. 'n Onreg van die verlede is reggestel deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat teen alle verwagtinge in die Hertzogprys aan Small toe geken het vir sy volledige oeuvre.

Deur Kaaps te destigmatiseer, het Small Kaaps verhef tot vryheidstaal, en bowenal literêre taal.

Dit blyk dat die pleidooie van diegene wat argumenteer vir die insluiting van Kaaps in die skoolkurrikulum, nie op dowe ore geval het nie. Daar was uiteraard omvattende aanpassings aan die skoolkurrikulum gemaak.

Dit is gelukkig opmerklik dat Kaaps toenemend sigbaar in die klaskamer is. Vandag word Small - en ander wat in Kaaps skryf - se werk as letterkunde bestudeer. Die gedigte van Marius Titus, Peter Snyders, Adam Small, en onlangs ook die poësie van Patrick Petersen, Nathan Trantaal en Ronelda Kamfer, en mag ek ook byvoeg, selfs van my Kaapse Afrikaanse gedigte, word reeds in skoolhandboeke opgeneem en op skool bestudeer.

Romans soos *Diekie vannie Bo-Kaap* deur Sulfa Otto-Allies (wat afspeel in die Bo-Kaap en die leerder 'n kykie gee in die lewe van 'n Moesliem-gesin), die bekroonde boek van Betina Wyngaardt, *Troos vir die Gebrokenes* (wat die leerder inlig oor die lewe van 'n arm bruin gesin in 'n bruin Township op die platteland), *Gerook* deur die joernalis *Eldridge Jason* ('n verhaal oor die lewe van 'n bendelid) asook dramas van Adam Small (*Krismis van Map Jacobs* en *Kanna hy kô hystoe*) vorm deesdae deel van die letterkunde-kurrikulum op universiteite en in hoërskole.

Ekself het die wonderlike voorreg om deur middel van die Univ van Stellenbosch se WOW-projek, Afrikaanse voorgeskrewe werke (gedigte en dramas) na die skole te neem.

Bogemelde skrywers se werk word nou oral opgevoer. En bekende teaters en gemeenskapsgerigte teatergroepe, soos Cape Heart voer dit in die Kunste Kaap die digters en skrywers

se werke, wat in skole voorgeskryf word, op en nooi leerders en studente uit in 'n poging om literêre werke in Kaaps aan alle leerders bekend te stel en na 'n groter gehoor te neem.

Die van julle wat bekend is met die digbundel *Vlymskerp*, sou dalk my stem op daardie CD, wat by die boek ingesluit is herken. Ek het die die Kaapse Afrikaanse gedigte voorgedra. Kaaps is dus deel van die skoolkurrikulum gemaak terwyl erkenning gegee is aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land.

Op die gebied van Taalleer kry Kaapse woorde vir die eerste keer wyer erkenning. So is daar in die jongste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS)* ongeveer 80 Moesliem-woorde opgeneem. En 'n halfeeu nadat die eerste Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) verskyn het, is dit die eerste keer dat so baie Kaapse variante in dié gesogte Afrikaanse woordeboek verskyn. Kaapse, maar ook Moesliem-woorde soos "kwaailappies", "mang", "berk", "ghoema", "paggeld", "tamaaf" en "skanghagha", wat al baie jare in die Kaapse bruin gemeenskap gebruik word, pryk vir die eerste keer in dié HAT.

Hoewel Kaapse idome en uitdrukkings opgeneem is in die nuwe *Platinum*-handboekreeks, sal groter waardering vir Kaapse taalstrukture (deur onder meer nie leerders se gebruik van die besitlike voornaamwoord *onse* taal, as foutief te merk nie) ook tot meer sukses by hierdie leerders lei.

Daar kan ook vir die ander variante voorsiening gemaak word deur ook van daardie woorde in die handboeke en HAT op te neem terwyl die werk van skrywers soos Anzil Kulsen wat pragtige romans oor die Namakawalandse mense skryf - boonop in hul eie variëteite - in Noord-Kaapse skole se kurrikulum opgeneem behoort te word.

Drie groot probleme met Kaaps in die klaskamer:

Interstreeksverskille

Kaaps verskil van streek tot streek, Selfs binne-in die Wes-Kaap, praat diegene wat in die destydse Distrik Ses gewoon het, 'n anderste Kaaps as diegene wat op die Kaapse Vlakte grootgeword het. Byvoorbeeld: Peter Snyders en Marius Titus se Kaaps is feitlik identies. Snyders maak gebruik van internasionale fonetiek, het hy op 'n keer gesê. Adam Small skryf 'n tipiese Distrik Ses-Kaaps terwyl anders digters, soos Vernie February weer 'n anderste manier van Kaaps besig...(kyk na sy gedig: Reaksie

Kan 'n mens dit interstreeksverskille noem?

Uitspraakprobleme:

Nie-Kaapssprekers sê dikwels as hulle iets sien wat in Kaaps geskryf is, dan sak hulle moed sommer in hul skoene: Want hulle weet nie hoe om dit te lees nie:

Lôit Sôls gee kundige in die voorwoord van sy debuutdigbundel Faraway klanke vannie Kaap" aan toekomstige Kaaps lesers:

"Lies'it hatop virrie girlfriend offie wifie of virrie kat of hand!"

Kan Kaaps werklik gestandardiseer word?

As Kaaps in die kurrikulum toegelaat sal word, veral by Taalleer, sal daar op 'n manier beweeg moet word om Kaaps te standardiseer. Want alle skoolvakke word met 'n memodandum gemerk.

En Kaaps se krag lê juis in die feit dat daar nog geen vaste spelreëls vir Kaaps bestaan nie!

SLOTWOORD

Kom ons aanvaar dat taal 'n baie belangrike rol in die ontwikkeling van 'n individu speel. Kom ons aanvaar dat moedertaal onderrig dus ononderhandelbaar is. Want as jy van jou eerste dag van skool in jou moedertaal onderrig word, is dit ook makliker gaan om ander tale in die later jare baas te raak.

Literatuur wat bestudeer is, het onteenseglik bewys dat die kind wat met Kaaps grootgeword het, tot dusver benadeel is in die skool. Die onus rus nou op die sprekers van Afrikaans om aan Kaaps sy regmatige plek binne Afrikaans te besorg.

By hoërskole waar ek Kaaps tydens my WOW-projek-aanbiedinge aanbied, praat die matrieks met groot waardering van die wyse waarop hulle met Kaaps kan assosieer. Dis hulle berippe-wêreld. As hulle 'n aanhaling uit "Die Krismis van Map Jacobs" van Adam Small voordra, is dit met trots in die houding!

Baie is al gedoen om wyer erkenning aan Kaaps te gee in die klaskamer. Suid-Afrikaanse onderwys het egter nog 'n lang pad om te loop voordat leerders met Kaaps as moedertaal sal tuisvoel in die klas.

Dan eers sal Afrikaans-onderrig op skool 'n meer inklusiewe benadering het. Nie net skeep dit geleentheid om die verdeeldheid van die verlede te heel nie; dit sal beslis ook help om die volle potensiaal van elke leerder te ontsluit soos deur die Grondwet van Suid-Afrika voorgeskryf.

Dit alles in ag genome, kan ons dan ook aanvaar dat dit gebiedend noodsaaklik is om eerder Kaaps in die klaskamer al vanaf die grondslag-fase toe te laat.

Ek sluit af met twee laaste gedigte:

Moedertaal Peter Snyders

**Kind as jy wil regte Afrikaans praat
doenit!**

Dis waam mammie jou lat opleerit

**Kritisaais skrywers wat skryf
 soes mammie praat**

Maa moenie ve'wag

Mammie moet nou change nie

en dan my eie gedig, "**Ek Wil**"

Daarná luister ons na 'n kort video-insetsel deur die Kaapse
Hip-Hopkunstenaar, **Emile XY?** of te wel Emile Jansen

Ek dank u